# EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK
## ALBERTON

## MAANDBLAD – MEI TOT JULIE

## LERAAR

Ds Johan Alberts 081 054 7873

## KERKRAAD DAGBESTUUR

**VISE-VOORSITTER**
Kobus v Wyk 072 437 8385
**SKRIBA**
Danie Senekal 082 556 9522

## KERKRAAD

Kobus v Wyk 072 437 8385
Danie Senekal 082 556 9522
Arnold Botha 082 338 6454
Frikkie Schutte 082 779 5946
Kobus de Meyer 082 903 9443

## CVV DAGBESTUUR

**VOORSITTER**
Zanchia Alberts 069 514 2261
**VISE-VOORSITTER**
Charmaine Senekal 084 580 8985
**SEKRETARESSE**
Amanda van Wyk 079 895 7276

## INLIGTING

Charmaine Senekal 084 580 8985

## MEDIA BEDIENING

CD verwerking & verspreiding
Frikkie Schutte 082 779 5946

## OMGEE GROEPE

**SOUTHCRES**
Kobus de Meyer 082 903 9443
**VERWOERDPARK**
Danie Senekal 082 556 9522
**BRACKENHURST**
Kobus v Wyk 072 437 8385
**RANDHART**
Frikkie Schutte 082 779 5946

## KINDERBEDIENING & JEUG

Kobus v Wyk 072 437 8385


EGKalberton1@gmail.com
www.egkalberton.co.za
E G KERK ALBERTON


## DIENSTYE

**SONDAE**

- Sondagoggend: 09h15
- Sondagaand: Geen aanddiens
- Kinderbediening: Direk na oggenddiens (behalwe vakansie)
- Spesiale tyd van gebed elke Sondag 8:30, Klaskamer 2

**OMGEE GROEPE EN BIDUUR**

- Woensdae aande by gemeente lede
- Elke eerste Woensdag van die maand in die kerk indien anders aangedui

## FINANSIES

**KOLLEKTE**

- Kollekte: Elke Sondag tydens diens
- R5 Projek: Elke Sondag na die dien

**TIENDES, OFFERGAWES, CVV BYDRAES**

- ABSA BANK: Rekening No: 210164685, Tak Kode: 632005
- Kan ook kontant in 'n koevert sit en in die kollekte sakkie gooi of in die hout boksie agter in die Kerk.

**FONDSINSAMELING**

- Kinderbediening – Geopende deure
- Kinderbediening – Sending

## BELANGRIKE DATUMS

- 4 Mei — Ringsvergadering
- 9 Mei — Hemelvaartdiend 19:30
- 12 Mei — Moedersdag / Pinksterdiens 9:15
- 12Mei — Pinksterdiens 18:00
- 13-15 Mei — Pinksterdiens 19:00
- 19 Mei — Pinksterdies Afsluiting te Brakpan 16:00
- 23 Mei — CVV Biduur 10:30
- 26 Mei — Nagmal
- 29 Mei — Biduur in die kerk
- 31 Mei — Worsbroodjie Verkope

# EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK
## ALBERTON

## BELANGRIKE DATUMS

- 2 Junie — Sendingsondag
- 5 Junie — Biduur in die kerk
- 14 Junie — Skole sluit
- 15 Junie — Lofdalkonferensie
- 16 Junie — Jeugdag / Vadersdag / Lofdalkonferensie
- 17 Junie — Vakansiedag / Lofdalkonferensie
- 18-20 Juniei — Lofdalkonferensie
- 9 Julie — Skole Open
- 10 Julie — Biduur in die kerk
- 14 Julie — Kinderbediening begin / CVV & Kerkraadsvergadering
- 21 Julie — Kinderbedieningvergadering
- 25 Julie — CVV Biduur

**Het jy al God se stem gehoor? Het jy al ervaar dat God met jou praat? Om vir jou 'n spesifieke woord, of opdrag, of 'n woord van bemoediging te gee? Ek is seker dat ons almal sekerlik op een of ander manier God se stem gehoor het. En ek is seker ons almal smag daarna dat die Here spesifiek met ons praat. Wel, dit gebeur, en dis reg so. God praat met Sy kinders. Op verskillende maniere. Baie mense smag daarna om God se stem te hoor, daarom lees hulle geestelike boeke, luister na geestelike programme, ens. Ek het bietjie op die internet gesoek na artikels oor hoe om God se stem te hoor.**

**Lees verder....**

**....Daar is baie mense wat probeer voorskryf "hoe"; ek het selfs een gevind wat sê: "three steps to hear God's voice - guaranteed".... en dan moet jy betaal om dié drie stappe uit te vind!**

**Ek wil eers vir jou 'n paar vrae vra:**
**Hoekom wil jy God se stem hoor?**
**Wat wil jy hoor?**
**Wat moet Hy vir jou sê?**
**Waaroor moet Hy met jou praat?**

**Wat is ek en jy bereid om te doen met dit wat Hy vir ons wil sê? Ongelukkig is dit so dat ons soms net wil hoor wat ons pas. En nog meer, soms soek ons so 'n bietjie toekomsvoorspelling sodat die Here vir ons kan vertel dat daar lekker voorspoed wag, en dalk op die koop toe so 'n bietjie finansiële gewin. Dan gaan klop mense sommer maklik by sogenaamde profete aan as die Here nie gou genoeg met hulle persoonlik praat nie.**

**Jer 23 : 16 - 17**

***16 So sê die Here die Almagtige: Julle moenie luister na wat die profete sê nie, die profete wat vir julle as profete optree. Hulle wek vals verwagtings by julle, hulle praat oor visioene wat hulle self uitdink, nie oor wat die Here sê nie....***
***17 Hulle hou aan om vir dié wat My minag, te sê: "Die Here sê daar sal vrede vir julle wees." Vir dié wat hardkoppig is, sê hulle: "Daar sal nie 'n ramp oor julle kom nie."***

**Lees verder.....**

## VERJAARSDAE

- 1 Mei — Simson Strydom
- 4 Mei — Lizette Strydom
- 4 Mei — Zanchia Alberts
- 9 Mei — Danie Senekal
- 28 Mei — Therine Botha
- 10 Junie — Erik Botha
- 15 Junie — Faith Botha
- 18 Junie — June Holtzhausen
- 1 Julie — Petro Strydom
- 10 Julie — Fred Snyman
- 24 Julie — Jeannie Venter




## VOORBIDDING



- Elzette Smith
- Joyce en Wally Collett
- Frikkie Schutte
- Kobus de Meyer
- Herman Holtzhausen
- Magda du Plessis
- Sally Wagenaar
- Koos v d Merwe
- Tinus Ferreira
- Hilda Roets
- Suzette le Grange se broer
  Jan Kleynhans

- André Havenga
- Iscah Mitchell
- Anna Herbst
- Jan Cilliers se ma, Louiza Cilliers
- Babs Moorcroft

- Alberton Gemeente: Finansies.
- Regering. Verkiesing 29 Mei 2024
- Beskerming van boere. Reën



# EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK
## ALBERTON

**....Moeilike een dié. Oppas, baie mense vertel maklik stories wat hulle self opdis. Alles wat mense sê, kom nie noodwendig van die Here af nie. As iemand iets in die Naam van die Here sê, vra eers "Sê wie?"**

**Hoe kan ons die stem van die Here hoor?**

**Kom ons kyk so bietjie terug in die geskiedenis hoe God met Moses gepraat het.**

**Eks 3 : 1 - 6**

***1 Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep die woestyn in gejaag totdat hy by Horeb, die berg van God, gekom het.***

***2 Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie.***

***3 En Moses sê vir homself: "Ek wil tog 'n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?" 4 Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: "Moses! Moses!" En hy antwoord: "Hier is ek."***

***5 Die Here sê toe vir hom: "Moenie nóg nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond."***

***6 Verder sê Hy: "Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob." Toe maak Moses sy gesig toe, want hy was bang om na God te kyk.***

**'n Baie, baie spesiale en gewyde oomblik toe God met Moses praat. Stem jy saam dat dit 'n baie besondere en heilige oomblik was? Nie sommer so in die 'stride' nie?**

## DANKSEGGING



- **Ons kan die Here dank vir die groot werk wat hy doen onder die sieke.**
- **Dankie vir die reën.**
- **Wat moet ons ingedagte hou vir 2024?**

- **Herinner die Here aan Sy beloftes vir ons gemeente Hieronder is van die beloftes: Heb 10: 23; Jer 29: 11-14; Jer 33:10-11 Joel 2:23 en Ps 115:11-18 2.**
- **Leef die vrug van die Gees uit: Gal 5: 22 Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, Getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing**
- **Waak en bid: Mark 13:33; Matt 26:41 Waaroor moet ons bid? Vir jouself, gemeente, redding van siele. Veral vir familie en vriende, ons dorp en ons land.**

Kobus J van Wyk

## BARMARTIGHEIDSDIENS



*Wat het ons nodig:*

Nie bederfbare produkte: Blikkies Kos, Boks-Melk, Koffie, Tee, Suiker ensovoorts...

Daar is 'n mandjie agter in die saal waarin u die items kan plaas.

Kontak Persoon: Arnold Botha 082 338 6454

Byvoorbaat dankie vir julle bydrae.

**As ons die Here se stem wil hoor, kan ons verwag dat God met ons moet praat soos met Moses? Kom ons ontleed dit so bietjie:-**

**1. God praat op Sy tyd, Sy metode en Sy terme met Moses. Hy het besluit wanneer Hy met Moses gaan praat. Dit is God se inisiatief, en Sy besluit.**
**2. Hy verskyn op 'n bonatuurlike manier aan Moses, in 'n bos wat nie uitbrand nie.**
**3. Hy sê vir Moses: "Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond". Sien jy dat dit 'n absolute heilige oomblik is? Nie sommer so "skreeu oor die draad" gesprek nie.**
**4. Hy openbaar Homself baie baie duidelik aan Moses. "Ek is die God van jou voorvaders, Abraham, Isak, Jakob." Daar is nie twyfel oor wie dit is wat praat nie.**
**5. Moses beleef die oomblik so intens dat hy sy gesig moes toemaak.Inderdaad, dit lyk of 'n ontmoeting met die Oppermagtige God 'n baie, baie spesiale oomblik is. En toe gee God vir Moses boonop 'n opdrag waarvoor hy nie baie lus was nie. Hy het God se stem gehoor, maar wou nie doen wat God sê nie.**





Toe Jesus sterf het die voorhangsel geskeur, en het ons deur Hom vrye toegang na die Allerheiligste toe. Daar is nou 'n reguit, oop kommunikasielyn na God toe. Dit is nie meer nodig om deur die profeet te gaan nie.

Kan ons vandag God se stem hoor? Ja, verseker! Ek vra net: Is jy bereid om God se opdragte uit te voer wat Hy aan jou openbaar? Het die woorde: "En toe sê die Here vir my", nie dalk so bietjie goedkoop geword nie? Ons hoor dit deesdae nogal baie. Klink nogal goed en spesiaal. Maar kom dit regtig van die Here af? My vriend, moet nooit die Here aanhaal vir iets wat Hy nie gesê het nie!

Hoe hoor ons Sy stem?

· Soms in 'n gedagte wat by jou opkom wat maar net nie wil weggaan nie. En soms word dit op verskeie maniere bevestig.
· Soms onder gebed. Wanneer jy 'n gewaarwording kry wat net bonatuurlik sin maak.
· Soms deur eksterne situasies. Iets wat iemand sê, of 'n insident wat sterk aanhaak by dinge waaroor jy in elk geval wonder of tob.
· Soms deur iets wat iemand sê. Partykeer praat die Here met jou deur die oop- en toemaak van deure.
· Verseker deur gesigte, of drome en visioene. Gebeur definitief vandag.
· Baie keer deur 'n preek, of iets wat jy lees, of deur iemand anders se gebed.
· En dan natuurlik - deur Sy Woord.

Hoe praat Hy deur Sy Woord? Wel, jy moet dit lees. Die grootste geheim! Iemand sê eendag vir 'n ds: "Ek staan op die Woord". Toe sê die ds: "Klim af en lees dit".

Probeer bietjie hierdie:-

Neem in jou stiltetyd 'n gedeelte in die Bybel. Nie 'n lang stuk soos 'n hoofstuk nie, net 'n paar verse. Lees die stuk so drie keer stadig deur, sonder om dit te probeer verklaar, of selfs om die presiese konteks te verstaan. Neem dan 'n pen en 'n notaboek en vra jouself die vraag:- Wat wil die Here VANDAG vir MY deur hierdie gedeelte sê. Begin om die gedagtes wat in jou kop opkom neer te skryf. Lees die stuk weer, bid dat die Here vir jou dit sal oopbreek, en wees bereid om alles te doen wat God dalk vir jou mag sê. Skryf in ek-taal, bv. die Here vra vandag vir my of ek Hom waarlik lief het. Gaan lees dan agterna 'n paar keer wat jy geskryf het. Jy gaan nogal verstom staan hoe die Here met jou praat. Jy sien, die Here praat op baie maniere met mense, maar ons moet soms gaan toets of dit regtig Sy stem is wat ons gehoor het. Hoe weet ek dit is God se stem? Toets dit aan die woord, God sal nooit iets sê wat in stryd is met Sy Woord nie. As dit jou lei in 'n dieper verhouding met Hom, na meer liefde vir Hom en vir ander dan is dit Sy stem. As dit jou hart sagter maak vir ander, en nie net oor jou eie belange en welstand gaan nie, is dit Sy stem.

Onthou:

1. Soms, moet ons wag! Wees geduldig om God se stem te hoor!
2. Mens kan die beste hoor as jy doodstil bly. Wag dikwels in stilte op die Here.
3. Wees bereid om God se antwoord op 'n versoek te aanvaar. Soms sê Hy nee!
4. Gaan doen wat Hy sê jy moet doen!
5. Om met die Oppermagtige God in gesprek te wees, is 'n heilige oomblik!

Duplisering en verspreiding word toegelaat sonder veranderinge en met verwysing na die outeur (Willem Botha) en webruimte (www.heuning.co.za)